+27 28 514 8500
info@swellenmun.co.za
swellenmun
www.swellenmun.co.za
+27 28 514 2694

49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

HERNUWING VAN HUUROOREENKOMS: GEDEELTE STRAATRESERWE, VOOR ABSA BANK, SWELLENDAM

Kennis geskied hiermee ingevolge die voorskrifte van die Swellendam Munisipaliteit se Grondbeskikkingsbeleid, 2018 en die bepalings van Bate-Oordrag Regulasies, 2008, Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003) soos gewysig, dat 'n aansoek ontvang is vir die hernuwing van 'n huurooreenkoms in Swellendam, aan:

Huurder:	**F.G. Koch**
Huurperiode:	**Nege (9) jaar & elf (11) maande**
Huur & eskalasie:	**Markverwante huur met 'n jaarlikse eskalsie van 7.5%**

Die huurperseel tersprake, is gedeeltes straatreserwes op gedeeltes van Erwe 1856 tot 1859, ongeveer 97m2, aangrensend tot ABSA Bank, Swellendam, wat benut word vir parkering.

Besware / kommentaar moet skriftelik wees en moet die ondergetekende bereik nie later nie as **Maandag, 23 November 2020 om 12:00**. Besware / kommentaar kan per hand gelewer word by Swellendam Munisipale Kantore, Voortrekstraat 49, Swellendam of gepos word aan die Munisipale Bestuurder, Posbus 20, Swellendam, 6740.

Enige persoon wat nie kan skryf nie en vertoë met betrekking tot die bogemelde aangeleentheid wil rig, kan sy of haar vertoë mondelings aflê by die Munisipale Kantoor, Swellendam. Mev L. Baransky sal sodanige mondelingse vertoë op skrif stel namens die persoon wat mondelingse kommentaar lewer.

Laat besware / kommentaar sal nie oorweeg word nie. Verdere inligting kan bekom word by Mev L. Baransky by 028 514 8500 of e-pos liezel@swellenmun.co.za.

A.M GROENEWALD
MUNISIPALE BESTUURDER

Kennisgewing H11/2020